

**VERSLAG VAN KWANALU SE KONGRES  
GEHOU OP DONDERDAG 20 SEPTEMBER 2018  
BY DIE ROYAL SKOU, PIETERMARITZBURG**

**20<sup>ste</sup> Jaarkongres  
KONGRESTEMA**

**“Die aanwending van ons kollektiewe krag  
as 'n gesaghebbende mag”**

Die kongres sal die belangrikheid bespreek van strategie, veranderingsbestuur, leierskap en die rol wat lede en die Unie speel ter beïnvloeding van die ekonomiese, wetlike en maatskaplike omgewings waarin die landbousektor sy regte moet handhaaf om ekonomiese produktiwiteit te verseker.



**1. Registrasie**

**2. Verwelkoming**

Die President, mnr. Andy Buchan, het die vergadering tot orde geroep en die visevoorsitter, mnr. Peter-John Hassard, gevra om die verrigtinge te open. Mnr. Hassard het die gaste verwelkom, waaronder vorige presidente Fred Visser, Walter Ntuli, Robin Barnsley en Michael Black, sprekers Dan Kriek, President Agri SA, me. Melanie Verwoerd, politieke ontleder en vryskutrubriekskrywer en dr. Mark Manley, spesialis op die gebied van strategie, leierskap en transformasie, die 2018-Jongboerfinaliste, die Future Farmer Stigting, Cedara Landboukollege, Owen Sithole Landboukollege en Weston Landboukollege, verteenwoordigers van borge, regeringsamptenare en veral Kwanalu-afgevaardigdes en lede.

Verskonings is in die bywoningsregister aangeteken.

**3. Opening**

Die voorsitter het mnr. Robin Barnsley versoek om die verrigtinge met skriflesing en gebed te open. Hy het 'n gedeelte uit Jeremia 29 voorgelees waar God sy mense aangemoedig het om huise te bou en te bewoon, tuine aan te lê en die opbrengs daarvan te eet, nie moet te verloor nie, dan sal Hy hulle gebede verhoor. Hy het 'n gebed gedoen en die vergadering aan God opgedra.

**4. Mosies**

Die voorsitter het die kongres versoek om 'n oomblik stilte te handhaaf ter herinnering aan diegene wat geliefdes aan die dood afgestaan het, sowel as diegene wat slagoffers van misdaad was sedert die kongres in 2017.

**5. Konstituering van die kongres**

Die HUB, me. Sandy La Marque, het bevestig dat daar behoorlik kennis van die kongres gegee is. Met die verteenwoordigende afgevaardigdes teenwoordig, is 'n kworum gevorm en die kongres is behoorlik gekonstitueer.

**6. President se toespraak**

Om hom in staat te stel om sy toespraak te lewer, het die voorsitter die stoel oorhandig aan die visevoorsitter, mnr. Phineas Gumede. Die voorsitter het sy presidentsrede aan die kongres voorgelê. 'n Afskrif daarvan word aan die lêerafskrif van die verslag geheg.

Mnr. Buchan het die lede bedank vir die geleentheid hom gegun om die organisasie te lei. Hy het gesê die meeste boere bly optimisties en is bereid om na oplossings vir probleme te soek. Kwanalu sal voortgaan om leiding te verskaf. Gedurende die afgelope jaar het daar baie dinge in die politieke arena gebeur. Op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied was dit die mees uitdagende tydperk sedert die tydperk ná apartheid. Suid-Afrikaners kon nie voorsien wat sou gebeur nie.

Kwanalu is verbind tot die ontwikkeling van beter kommunikasie met sy lede en hy het gesê akkurate, ingeligte en weldeurdagte kommunikasie is van kardinale belang om 'n vertrouensverhouding met al die rolspelers in die sektor op te bou. Ongeligte kommunikasie lei slegs tot onnodige kommer, onstabiliteit en onenigheid in die sektor.

Die herinstelling van jaarlikse padveldtogte beklemtoon die noodsaak tot sosiale interaksie met lede en boere bly optimisties oor die toekoms van landbou.

Hy het gesê grond bly die hoofgesprekspunt en gesprekke daarvoor moet nou plaasvind. Kommersiële boere staan voor die uitdaging en oplossings moet gevind word met die oog op die toekoms. Hy het 'n beroep op die regering gedoen om 'n omgewing te skep wat dit vir die landbousektor moontlik sal maak om sukses te behaal.

Op nasionale vlak moet groot waardering uitgespreek word teenoor Agri SA wat onder andere, baie tyd bestee aan drukuitoefening vir eiendomsregte.

Om die funksionaliteit van Kwanalu se strukture te verbeter en prosesse te vergemaklik, sal 'n voorstel tot die wysiging van die Grondwet, wat jare geneem het om saam te stel, vir goedkeuring aan die kongres voorgelê word.

Ter afsluiting het hy Kwanalu se personeel bedank vir hulle onvermoeide ywer tot diens aan die lede. Die werklading word net groter en lede is versoek om 'n hersiening van ledegeld te oorweeg om bykomende dienste soos 'n grondlessenaar en steun aan die ontwikkelingslessenaar in te sluit om beter dienste aan lede te lewer.

Hy het ook sy dank uitgespreek teenoor die Raad, Bestuurskomitee en visepresidente vir hulle ondersteuning en toewyding wat van onskatbare waarde is en die feit dat hulle Kwanalu tot hoër hoogtes inspireer en voer. Hy het ook hulle gesinne bedank vir opofferings gemaak.

Mnr. Buchan het almal herinner aan dit wat aan ons gegee is en dat dit almal se verantwoordelikheid is om die hulpbronne te bestuur, te deel en daarin te belê.

Die visepresident, Phineas Gumede, het die President vir sy toespraak bedank en gesê dit sluit die hele organisasies in. Mnr. Gumede het daarop gewys dat ons op die regering staatmaak vir hulp, maar hy glo dat georganiseerde landbou deel moet uitmaak van beleidmaking, implementering en die rol wat die boere daarin speel. Hy het die aanvaarding van die Presidentsrede voorgestel.

## **7. Jaarverslag 2017/2018**

Die HUB het die kongres toegesprek en van die sake waaraan gedurende die jaar aandag geskenk is, aan die vergadering uitgelig. 'n Afskrif van die voorlegging word aan die lêerafskrif van die verslag geheg.

Me. La Marque het gesê Kwanalu is op vier pilare gegrond – inligting, professionele beeld, integriteit en maatskaplike en morele verantwoordelikheid.

Die fokusgebiede vir volhoubare en inklusiewe groei is landbouontwikkeling en grondhervorming, veiligheid en sekuriteit, natuurlike hulpbronne, kommersiële beleid, openbare betrekkinge en beeldbou en arbeid.

Sy het genoem dat, soos in verlede jaar se opname versoek is, padveldtogte gedurende die afgelope jaar by tien verskillende vergaderings plaasgevind het. Verskeie sake, waaronder onteiening, water, fopnuus, grondregte, ens. is geopper.

Een van die sake waaraan veral aandag geskenk is, is onteiening sonder vergoeding. Huiswerk is in hierdie verband gedoen deur te kyk na internasionale praktyk, regsraamwerk, ekonomiese en maatskaplike impak, wetgewing en die Grondwet. Die ander geleentheid waarvan gebruik gemaak is, was betrokkenheid by rolspelers, publiek, ens. Die kernfokus was drukuitoefening en so is die Grond- en Onteieningsfonds in die lewe geroep. Daar is ook voorleggings gedoen by die verhore van die Grondwetlike Hersieningskomitee en ook aan ander rolspelers.

Kwanalu gaan van die standpunt uit dat die eiendomsklousule nie 'n struikelblok of 'n hindernis is in die pad van grondhervorming nie and dat geen veranderinge aan artikel 25 van die Grondwet gedoen moet word om billike en regverdige grondverdeling moontlik te maak nie.

Kwanalu glo nie dat onteiening sonder vergoeding die oplossing vir vordering met grondhervorming sal wees nie, maar dat die meganismes tans bestaan en dat 'n mandjievul modelle byderhand is (as die baie suksesvolle modelle wat steeds geïmplementeer word, in ag geneem word).

Sy het gesê 'n gebrek aan voldoende begroting, beleidsonsekerheid, die gebrek aan 'n omvattende, geïntegreerde ondersteuningsnetwerk, die gebrek aan of swak kommunikasie met rolspelers, korrupsie en swak vestigingsondersteuningstelsels, is die werklike redes waarom grondhervorming nie teen 'n vinniger pas en op 'n meer volhoubare manier geskied nie en dit is kommerwekkend.

Kwanalu is gekant teen enige grondwetlike wysigings aan artikel 25 as 'n lewensvatbare meganisme om die nasionale dringendheid van grondhervorming te bespoedig. Kwanalu stem saam dat konstruktiewe en doeltreffende debat noodsaaklik is om die ondoeltreffendheid van die huidige grondhervormingstelsel aan te spreek en Kwanalu beloof sy steun aan werkbare oplossings binne die bestaande grondwetlike raamwerk.

Sy het voorts verwys na sommige van die inisiatiewe wat plaasvind met betrekking tot mentorskap, opleiding, ens.

Sy het melding gemaak van die Ontwikkelingsprogram en die uitdagings wat die regering in die gesig staar om aan boord te kom.

Me. La Marque het verwys na die Openbare Betrekkinge (OB) en Beeldbouveldtog, waarvan elke optrede deel was van 'n goed deurdagte plan en sy het melding gemaak van die waarde ten opsigte van openbare betrekkinge wat tot op datum daaruit verkry is. Daarna het sy me. Cindy Kidger van Urban House Media versoek om verder verslag te doen. 'n Afskrif van me. Kidger se verslag word aan die lêerafskrif van die verslag geheg.

Me. Kidger het gesê Urban House Media het die mediaveldtog die afgelope vier jaar namens Kwanalu gevoer. Sy sê die meeste mense sal vra waarom 'n openbare betrekkinge-oefening nodig was en het aangevoer dat Kwanalu as organisasie, moes meeding om gehoor te word in die huidige deurmekaar, negatiewe en aanhoudende media-omgewing waar stemme maklik verlore raak. 'n Ander rede vir hulle betrokkenheid is die toenemende voorkoms van fopnuus.

'n Kommunikasie-strategie moet aangewend word om te verseker dat die boodskap nie verlore gaan nie, maar korrek oorgedra word. Kwanalu moet deurlopend en voortdurend herhaal en beklemtoon waarvoor hy staan, wat hy doen en wat sy doelwitte is, het sy gesê. Kwanalu se mediastrategie fokus op die goeie werk wat boere doen ten opsigte van grondhervorming, transformasie en opheffing en boere se rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Sy het daarop gewys dat die publiek hulle nie moet laat lei deur die soort nuus wat rondgestuur word nie. Nuus is oombliklik, maak nie saak of dit fopnuus is of nie en dikwels word dit nie akkuraat gerapporteer nie. Daar kan nie bekostig word dat Kwanalu se geloofwaardige en gegronde reputasie as leier in die landbou afgemaak word as impulsief, aggressief of reaktief tot retoriek en emosionele oordra van boodskappe nie.

Me. Kidger het gesê Urban House Media sit elke jaar saam met Kwanalu om 'n tafel om te werk aan 'n media kommunikasie-strategie waarmee die organisasie die jaar kan binnegaan om te verseker dat dit gesien word as sterk, geloofwaardig en ingeligte leiers in georganiseerde landbou in die provinsie.

Me. La Marque het voortgegaan met haar verslag oor grondbreking / mynbou regsaksie en het verduidelik dat twee hooggeregshofsake hangend is. Die aksie behels 'n interdik teen die minister van minerale hulpbronne teen die uitreiking van ontginningsregte. Die doel daarvan is om 'n regsprosedent te skep en om te verseker dat grondbreking / mynbou op die korrekte wyse geskied.

Sy het daarna verslag gedoen oor Kwanalu se Veiligheids- en Sekuriteitslessenaar, een waarop Kwanalu reeds die afgelope paar jaar baie trots is. Kwanalu is verteenwoordig in die provinsiale strukture en die Nasionale Veiligheidskomitee en hanteer alle veiligheids- en sekuriteitsaspekte. Kwanalu doen 'n ontleding van plaasmoorde en -aanvalle wat in KZN plaasgevind het en waaruit 'n gebrek aan sekuriteitsmaatreëls op baie plase duidelik blyk. Sy het lede op plaaslike vlak daaraan herinner dat voldoende sekuriteit noodsaaklik is. Kwanalu is vol vertroue dat die ontleding korrek is.

Uit die opname wat verlede jaar gedoen is, was dit duidelik dat boerebetrokkenheid op plaaslike vlak en die verhouding met die polisie uiters belangrik is en dat dit positiewe resultate meegebring het. Sy het statistieke oor plaasmoorde / -aanvalle en grondbesettings in die vorm van 'n voorlegging voorgelê.

So ver dit grondbesettings aangaan, het geen grondbesettings in die onteiening sonder vergoeding-styl plaasgevind nie, maar daar was wel stedelike grondbesettings. Voortgesette dispute oor grondregte en die uitbreiding van regte is egter ernstig van aard en indien daar nie bemiddeling plaasvind nie, kan dit tot besettings lei.

Ter afsluiting het sy gesê daar is ses beleidsfokusgebiede met talle sake wat hieronder ressorteer. Sy het beklemtoon dat Kwanalu sal voortgaan om druk uit te oefen, a-polities en a-besigheid is, diens aan sy lede wil lewer, behulpsaam wil wees met fasilitering en bemagtiging, maatskaplik verantwoordbaar is, leiding verskaf en sektorgerig en beginselvas is.

#### 8. **Finansiële State vir die jaar geëindig 30 Junie 2018**

Die President het me. La Marque versoek om die finansiële state aan die vergadering voor te lê. Al die afgevaardigdes het reeds die geouditeerde state ontvang. Me. La Marque het gesê Kwanalu voldoen aan vereistes en beoefen die korrekte finansiële praktyke. Sy het die geouditeerde eindstate met die vergadering bespreek en gesê die Raad en bestuur bestudeer die voorlopige state deur die loop van die jaar. Die ouditeure en Raad het hulle tevredenheid te kenne gegee met Kwanalu se finansiële status.

#### 9. **Jaarlikse ledegeld & begrotingsvoorstel**

Die HUB het die voorgestelde Inkomste- en Uitgawe vir die jaar eindigende 2020 voorgelê. Sy het verwys na die begroting wat 'n verlies toon en het daarop gewys dat die Raad van mening is dat Kwanalu sy eie Grond-, Ontwikkelings- en Sekuriteitslessenaars moet befonds aangesien dit aan die kern van Kwanalu se besigheid lê. Dit word toenemend moeiliker om geld vir toelaes te bekom.

Die HUB het die kongres ingelig dat, ingevolge Kwanalu se Grondwet, die Raad van Direkteure ledegeld vir die jaar 2019/2020 vasgestel het. Dit sal wees:

- Hoofstroomlede (BTW ingesluit)
  - R4 092.05 indien ontvang teen 30 September 2019 of R4 307.40 indien daarna ontvang
- Medium lede (BTW ingesluit)
  - R2 046.05 indien ontvang teen 30 September 2019 of R2 153.70 indien daarna ontvang
- Voorheen benadeelde boere (BTW ingesluit)
  - R588.40

Me. La Marque het die onderskeie lidmaatskapkategorieë aan die vergadering verduidelik.

#### 10. **Aanvaarding**

Mnr. Andy Mason het me. La Marque en haar span geluk gewens met 'n uitstekende stel boeke en die HUB en personeel, wat met 'n beperkte begroting funksioneer, bedank. Hy het gesê na sy mening is die voorgestelde lidmaatskapfoeie steeds 'n winskoop. Hy het weer verwys na die implementering van die drie lessenaars. Hy het voorgestel dat die finansiële state, die begroting en die jaarverslag aanvaar word.

Die finansiële state, begroting en jaarverslag is gesekondeer en eenparig **AANVAAR**.

#### 11. **Grondwetlike wysigings**

Me. La Marque het die kongres meegedeel dat lang beraadslaging gedurende die afgelope ongeveer ses jaar plaasgevind het met betrekking tot wysigings aan die Grondwet om toe te sien dat goeie bestuur, goeie vertrouenspraktyke, ooreenstemming met Koning IV, die funksionaliteit van die grondwetlike struktuur, die vaartbelyning van die funksies van die doel, verantwoordelikhede, toerekenbaarheid, aanspreeklikheid, ens. van die Raad geskied. Daar is gekyk na beste praktyke, sowel as die pligte van die Raad en insette en instruksies is daargestel om toesig te hou oor die organisasie se finansies en om te verseker dat die organisasie behoorlik bestuur word. Daar is kennis geneem dat die grondwetlike wysigings ingevolge die Grondwet versprei is sodat lede dit kon oordink. Me. La Marque het die voorgestelde wysigings aan die kongres voorgelê. ('n Afskrif is aan die lêerafskrif van hierdie verslag geheg). Sy het gesê daar is aandag geskenk aan alle aspekte van bestuur en pligte en aanspreeklikheid van raadslede om Kwanalu relevant en voldoende te maak. Die kongres bly die hoogste gesag en die regte van afgevaardigdes bly onveranderd. Die Raad van Direkteure sal 'n nuwe struktuur wees. Die ou Raad sal 'n raadgewende Raad word.

Die President het gesê die voorstelle is uitgestuur vir kommentaar en sy dank uitgespreek vir aanbevelings en voorstelle wat ontvang is.

Die President het mnr. Bobby Hoole versoek om 'n voorstel tot die aanvaarding van die veranderings tot die Grondwet te doen. Mnr. Hoole het daarop gewys dat Kwanalu gefokus en relevant vir sy lede moet bly. In die verlede het Kwanalu altyd oor 'n groot raad met 37 raadslede beskik en dit is nie die ideale situasie in enige bestuurstruktuur nie. Die kennissirkel is voortdurend aan verander. Die vereniging van lidmaatskap en dit waarvoor Kwanalu staan, is belangrik, insette op plaaslike vlak is van kardinale belang. Hy het gesê die huidige raad sal verander in 'n raadgewende raad wat veel meer ruimte vir gesprek tot lede se voordeel sal laat. Die raadgewende raad sal die Raad van Direkteure van advies voorsien en na sy mening is dit wat Kwanalu betref, die beste pad vorentoe. Hy is van mening dat dit 'n struktuur is waar geluister kan word en die Raad kan dan doen soos aan hulle gesê word. Hy het versoek dat die voorgestelde wysigings aanvaar word en die voorstel is gesekondeer.

Afgevaardigdes het met die opsteek van hande eenparig ingestem tot die voorgestelde wysigings en dit is **AANVAAR**.

#### 12. **Mnr. Dan Kriek, President Agri SA**

##### **Landboubeleid en die posisionering van georganiseerde landbou in die konteks van huidige probleme, waaronder onteiening sonder vergoeding**

Die President het mnr. Kriek, die President van Agri SA en 'n boer uit die Vrystaat, aan die kongres voorgestel en hom by die vergadering verwelkom.

Mnr. Kriek het gesê hy bring 'n positiewe boodskap aan alle boere wat verenig moet bly in hulle uiteenlopendheid.

Hy het sy dank uitgespreek teenoor die president en die HUB vir hulle leierskap. Hy het gesê dit is moeilike tye en leierskap is nodig. Dit is vir hom 'n groot voorreg om die kongres toe te spreek, het hy gesê.

Hy het melding gemaak van die ANC-verkieping en hulle aankondiging van onteiening sonder vergoeding, wat tot groot onsekerheid gelei het en dit was irrasioneel en onnodig. Hy het gesê Suid-Afrika is 'n land met 'n geskiedenis en as boere leef ons in 'n moeilike tyd. Daar is tekens van die waardevermindering van grond en die agteruitgang van verhoudings. Dit is duidelik as na die parlement gekyk word. Sy vraag was wat kan vanuit 'n ondergeskikte posisie gedoen word en die antwoord is om óf te begin praat óf om met optrede te begin, maar laasgenoemde is nie die oplossing vir die pad voentoe nie.

Agri SA hou by sy standpunt en ondersteun nie onteiening sonder vergoeding nie omdat dit ongrondwetlik is. Wat mense lees en wat hulle dink hulle lees en nie lees op sosiale media nie, is gevaarlik. Sentiment word op sosiale media aangewakker. Hy het die betekenis van "onderhandel" verduidelik, "opoffering" soos waartoe mens in staat is en "transformasie" soos waarvoor dit staan. Watter optrede is nodig? Hy het gesê ons is georganiseerde landbou, nie ongeorganiseerde landbou nie en ons kan ons nie deur sosiale media laat beïnvloed nie. Hy het gesê Agri SA is nie bereid om oor grondwetlike sake en die regte van sy lede te onderhandel nie.

Hy het gesê sosiale media bring groot ontwirgting in ons lewens mee. Ons sit met politieke en ekonomiese probleme in Suid-Afrika wat opgelos moet word. Dit is verskriklik dat groot bedrae geld verkwis en vermors word en diegene wat daarvoor verantwoordelik is moet aanspreeklik gehou word vir hulle dade.

Mnr. Kriek het daarop gewys dat ons mense aan die praat moet kry en as leiers moet ons presies dit doen. Leierskap is noodsaaklik. Hy het gesê gesprekke oor die Grondwet sal mense aan die praat sit. Ons moet bepaal watter waardes ons moet gebruik en dit toepas.

Hy het aangehaal uit die voorwoord tot die SA Grondwet: -

"Ons, die mense van Suid-Afrika, erken die ongeregtighede van ons verlede, huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gelyk het; respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel en glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid. Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
- en 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Mag God ons mense beskerm. Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso. God seën Suid-Afrika. God bless South Africa. Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.

Hy het die woorde: erken, eer, respekteer en bou beklemtoon en gesê dit is die onderwerpe waarvoor gepraat moet word. Elkeen van ons het 'n verlede en geskiedenis. Teen die einde van die koloniale tydperk, was 7% van die grond in swart besit en ons moet dit erken en dit regstel. Hy het gesê leiers kan mense aan die praat sit en die ANC het die deure van hulle kant af oopgemaak.

Mnr. Kriek het gesê hy is deur president Cyril Ramaphosa versoek om deel te vorm van die paneel wat oor grondhervorming moet besin en dat spesifieke aandag aan onteiening sonder vergoeding verleen moet word. Deure is oopgemaak maar ondervinding is die beste leermeester. Hy het gesê vertroue moet opgebou word en daar moet aan die regering gewys word waartoe boere bereid is. Agri SA kan hulle ook van die beste raad voorsien.

Hy het gesê Agri SA het die saak van onteiening sonder vergoeding op talle vlakke aangevoer deur met internasionale banke, ambassades en oorsese mense te praat. Hy het gesê planne moet op die tafel gelê word met instruksies oor hoe dit uitgevoer kan word. Hy glo dat ons boere vooruitstrewend is en daar kan aan die samelewing gesê word waarheen ons op pad is. Daar moet ook voortgegaan word met die grondplan. Mense moenie meer kan sê boere is nie vooruitstrewend nie en dat ons nie ons toekoms in ons hande kan neem nie.

Ons moet die oppergesag van die reg handhaaf. Boere is nie ongeorganiseerd nie en moet kalm bly. Daar moet op morele hoë grond gebly word en alles wat oor ons pad kom hanteer.

Hy het boere aangemoedig om die Grondwet te verdedig, mense aan die praat te kry, respek te erken en verdien vir wat ons doen, planne daarstel en van kundiges se raad gebruik te maak.

Mnr. Kriek het gesê boere moet hulle leiers ondersteun, die voorsitters en bestuur van hulle verenigings en ook die wat in die toekoms verkies sal word. Hy het gesê Agri SA is georganiseerd, beskik oor mandate en die nodige leierskap en het Kwanalu aangemoedig om hulle veldtogte ten opsigte van openbare betrekkinge daarvoor te gebruik.

Hy het gesê ons het 'n pragtige land en wonderlike mense en hy glo daar lê 'n goeie toekoms vir die landbou voor.

Hy het boere sterkte toegewens vir die seisoen en hulle aangemoedig om gereed te wees om die produksieopbrengte te hanteer.

Die President het mnr. Kriek bedank vir sy toespraak.

**13. Oorhandiging van toekennings**

- Me. Judy Stuart – 'n merietetoekenning uit erkenning vir toegewyde, lojale en getroue diens aan die landbou.

Mnr. Duma het die sertifikaat namens haar ontvang.

- Me. Lyn Vincent – Sertifikaat van lang diens

**Jongboer 2018**

Me. Sandy La Marque het verduidelik hoe die kompetisie werk. Sy het gesê dit is die 10de jaar dat die kompetisie met die ondersteuning van Toyota SA plaasvind. Sy het die kriteria vir deelname aan die kompetisie verduidelik. Sy het Toyota SA bedank vir hulle borgskap van die kompetisie en die finaliste aan die kongres voorgestel:-

- **Alan Briscoe**

Alan boer in die Beaumont-Eston-gebied met ongeveer 430 ha onder suikerriet, bedryf 'n klein vleisbeeskudde, het 'n timmerhoutboerdery en 'n bewaringsgebied.

Alan boer op 'n wyse waarop elke boerderyaktiwiteit in oorleg met mekaar geskied en dit lei tot rusperiodes vir sy grond wat hoër opbrengste meebring en daarbenewens poog om winsgewendheid op 'n meer volhoubare manier te verhoog. Hy het ook 'n visie om vertikaal uit te brei deur middel van bewaringsboerdery.

- **Rustin Shawe**

Rustin boer in die Groenvlei-gebied met 3 268 kommersiële vleisbeeste en Droughtmaster-stoet. Hy skryf die sukses van die besigheid toe aan 'n kombinasie van sy fokus op die Droughtmaster-stoet waar hy elke jaar al sy speenverse hou om sy kuddegroottes gedurende die somermaande te vergroot, die besluit om alle bulkalwers te hou, die aankoop van 'n 700 ha weidingsplaas vir somerveldweiding en die bou van vier damme op die eiendom wat die bruikbaarheid van sy weikampe verleng het. Sy plaas spog ook met sy eie veilingskompleks waar 'n jaarlikse produksieveiling gehou word.

Mnr. Rustin Shawe is as die wenner van Jongboer 2018 aangekondig. Die President en mnr. Dieter Rossler, Toyota SA, het hom en die naaswenner se sertifikate aan hulle oorhandig. Mnr. Rossler het die finaliste geluk gewens en Kwanalu bedank vir hulle samewerking met Toyota SA en die vertrouwe wat hulle in die fabriek stel. Boere is die bewakers van voedselsekureit in Suid-Afrika en hy het die hoop uitgespreek dat die vennootskap bewys hoeveel vertrouwe Toyota SA in die landbou het.

**14. Erkenning aan borge**

Die HUB het die borge bedank vir hulle ruim bydraes en volgehoue donasies en steun aan die kongres.

**15. Tee**

Die kongres het verdaag vir tee.

**16. Me. Melanie Verwoerd, politieke ontleder en vryskutrubriekskrywer**

Die President het me. Verwoerd aan die kongres voorgestel. Sy is 'n politieke ontleder en vryskutrubriekskrywer.

Me. Verwoerd het die kongres bedank vir die uitnodiging om hulle toe te spreek.

Sy het gesê sy weet mense is nou bang. Sy het op plase grootgeword en dit was van die gelukkigste tye in haar lewe. Sy het gesê sy word kwaad oor hoe vrese gebruik word en die manier waarop die media oor sake berig. Sy glo die ANC het beheer oor die verloop van sake verloor. Sy het 'n kort opsomming gegee van die ANC-konferensie waar president Ramaphosa verkies is. As 'n teenmaatreël is onteiening sonder vergoeding weens politieke redes aangevoer. Sy het daarop gewys dat daar op 'n manier foute ingesluip het met die parlement se grondwetlike hersieningskomitee se bespreking oor onteiening sonder vergoeding en dat dit vir verdere politieke en ander gewin aangewend word deur verskillende politieke partye/groepe.

Sy het uitvoerig gepraat oor die hoogs aktuele saak van grondhervorming en het verskillende invalshoeke oor die aangeleentheid verskaf. 'n Stemopname van haar toespraak is op lêer geplaas. Sy het gesê die ANC erken dat daar 'n historiese probleem met betrekking tot grond is en dat die saak bespoedig moet word. Verskerings is gegee dat persoonlike huise en landbougrond nie gevat sal word nie, maar stedelike en buitestedelikegebiede sal oorweeg word.

Me. Verwoerd het gesê president Ramaphosa verstaan die ekonomie en batemarkte in Suid-Afrika en hy weet dat die mark oornag ineen sal stort indien grondgryping plaasvind en dit is nie die nalatenskap wat hy

wil agterlaat nie. Met die oog op die volgende verkiesing wat voor die deur lê, moet sake met omsigtigheid hanteer word.

Sy glo dat daar wel veranderings aan die Grondwet sal plaasvind, maar dit sal nie voor die volgende verkiesing gebeur nie.

Sy het verwys na die betwiste lys van eiendomme vir onteiening sonder vergoeding en sy glo dat daar beslis nie so 'n lys bestaan nie.

Sy het gemaak dat ons moet onthou dat grondhervorming nie net sal verdwyn nie, aangesien die meerderheid eiendom in wit hande is. Om stabiliteit in die land te verseker, moet grondhervorming baie vinniger plaasvind. Sy het gesê boere moet kalm bly en hulle distansieer van diegene wat namens die landbou of witmense praat en wat alles in gevaar stel. Wees baie versigtig en laat jou stem hoor en vra hoe die probleem opgelos kan word tot almal se tevredenheid. Daar is nie 'n ander manier om 'n vreedsame oplossing te verkry as die manier waarop Agri SA dit hanteer nie.

Ons kan kies om te praat, te sien hoe ons die saak kan oplos en die herverdeling van grond op billike en regverdige wyse te laat geskied.

Sy het gesê almal moet die geleentheid gebied word om op plase groot te word.

Die President het me. Verwoerd bedank vir haar toespraak.

## **17. Dr Mark Manley, spesialis op die gebiede van strategie, leierskap en transformasie**

Die President het dr. Manley aan die kongres voorgestel.

Dr. Manley het begin deur te sê dat hy groot respek het vir boere. Hy het gesê leierskap gaan geheel en al oor geestesmodelle en daarom neem dit wat gedoen word, jou vorentoe die toekoms in. Daar is sleutelbesigheidsbeginsels.

Hy het van die hulpmiddels waarvan in die proses gebruik gemaak moet word, bespreek. Een van die belangrikste brokkies inligting kom uit die toekoms – as ons na Suid-Afrika se toekoms kyk, moet ons erken dat leierskap nie sonder verandering bekom kan word nie. “Beplanning is wat jy doen voordat jy dit doen. Dan doen jy dit.” Dit is wys om te beplan en die beplanning dan in iets te verander.

Hy het gevra waarom moet ons verander. Hy het gesê ons staan op die rand van nog 'n eksponensiële groeikurwe in menslike geskiedenis. In die volgende 20 jaar gaan ons anders leef. Dinge en wat dit vir ons beteken, gaan verander. Hoekom doen ons wat ons doen? Daar moet passie wees en ons moet vining optree (vinniger en ratser as ooit tevore). Ons moet aanhou voortbestaan – passie, hart, karakter.

Die rede waarom ons doen wat ons doen, is weens motiewe – gedrag, houding (herhalende gedrag), waardes (etiek, reëls vir sukses) en gelowe (gekose waarheid). Ons moet verstaan dat daar drie gebiede van vertroue, waarheid oor jouself, waarheid oor ander en waarheid oor die stelsel is en ons moet bepaal wat waar is en wat nie. Ons kan ons toekoms baseer op drie planne: -

- Plan A – gebaseer op hoop
- Plan B – gebaseer op rede
- Plan C – gebaseer op vrees

Hoop en vrees kom aan dieselfde kant van die brein voor en daarom moet jy jou verbeelding en jou hoop op die toekoms bestuur. Ons moet voorberei vir al drie scenario's maar ons moet volgens Plan A optree.

Hy het gesê mense hou nie van verandering nie maar groei vind buite jou gemaklike plaas. Verandering is nie deel van die lewe nie, dit is die lewe.

Ons begeer 'n ander wêreld maar as ons voortgaan om dieselfde te dink, sal ons voortgaan om dieselfde te doen en sal ons voortgaan om dieselfde te hê. Hy het gesê ons moet ons denke, ontkenning, weerstand, ontginning en toewyding verstaan en dit is waar die toekoms lê.

Hy het gesê ons moet die mense omarm en die rewolusie afweer.

Hy het gepraat oor leierskap in moeilike tye wanneer geen geluk in ander se ongeluk te vinde is nie. Oor besluitneming – daar is emosionele besluite, maar rasionele besluite is beter. Hy het gesê 'n sleuteltegniek in 'n krisis is om tot stilstand te kom, te dink, te motiveer, aan te gaan en hoop daar te stel.

Dr. Manley het gesê ons moet streef na sukses. As jy hoop het, sal die positiewe verwagting wat jy van die toekoms het, jou deurdra. Met 'n breë uitsig kan jy sweef, die toekoms in sien, loop en nie moeg word of ineenstort nie.

Die President het dr. Mark Manley bedank vir sy toespraak.

**18. Paneelbespreking**

Mnr. Humphrey Hamilton, Underberg Boerevereniging, het gevra of dit nie 'n politieke storm tot voordeel van die regering is nie.

Me. Verwoerd het gesê dit is 'n vals redenasie dat mense nie grond soek nie, maar wat hulle daarmee wil doen, is 'n ander storie. Sy het gesê die grondkwessie word kunsmatig aangewakker maar ons moet nie mense se noodsaak tot grond onderskat nie.

Dr Manley het gesê dat dit 'n kwessie van geregtigheid vir baie mense is.

Mnr. Kriek het gesê dit is 'n waardigheidsmeganisme. Ons moet geleenthede vir mense daarstel met die hoop om waardigheid te herstel.

Mnr. Harald Niebuhr, Paulpietersburg/Lüneburg Boerevereniging, glo nie dat koalisieregerings die beste is nie en het gevra of die paneel weet wanneer die verkiesing gaan plaasvind. Hy het gesê in 1994 is die reënboognasie gevorm om welwillendheid te bewerkstellig en hy glo dat die konsep van 'n reënboogregister, waarin erkenning verleen word aan wat mense doen, 'n verskil sal maak.

Me. Verwoerd het gesê 'n koalisieregering sal nie werk nie. Mens het baie ervare rolspelers nodig om 'n koalisieregering te laat slaag en histories word die minderheidsparty so vernietig. Die kans dat die ANC in twee gaan skeur, is objektief gesproke net mooi nul. Sy het vermoed dat die verkiesing teen die einde van April / Mei sal plaasvind, anders in Augustus.

Sy was van mening dat die reënboogregister 'n uitstekende middel is en dat daarmee voortgegaan moet word.

Mnr. Roger Godsmark, BSA het gesê, sover dit grond aangaan, het die regering afgewyk van die oorhandiging van titelaktes ten opsigte van stamgrond. Hy wou weet wat die paneel dink van die Zondo-kommissie wat individue aankla, ondervra en in die tronk gooi.

Mnr. Kriek het geantwoord dat daar nie met sekerheid gesê kan word wat by die Zondo-kommissie gebeur het nie. Sover dit kommunale grond aangaan, was dit 'n politieke kwessie en moet dit bygelê word en mense moet bygestaan word om hulle produksie te verhoog.

Me. Verwoerd het gesê die kommissie kan niemand in die tronk gooi nie, hulle kan slegs aanbevelings doen. Sy het gesê stamgrond is 'n warm politieke patat en die kwessie van die Ingonyama Trust is vir eers op die agterbaan geskuif maar dit sal een of ander tyd aangespreek moet word.

Mnr. Lloyd Phillips, Newcastle Wolkwekers- en boerevereniging het gesê grond moet verdeel word en van die grond moet met die titelakte geoormerk word. Ongeag van watter grond herverdeel is, is daar enigsins gedink aan wat met die grond gaan gebeur sover dit landbou aangaan en die oplossings daarvoor.

Mnr. Kriek het gesê die oorhandiging van titelaktes is nie 'n groot probleem nie en dit verleen ook waardigheid. Hy het gesê wat suksesse betref, die landbou die formules ken waarom dit misluk het. Hy het gesê verhoudings word op vertroue gebou en dit moet gekoester word.

Mnr. Rolf Konigkramer, Kranskop Boerevereniging het gesê baie boodskappe is uitgestuur met die doel om stemme te werf. Diensleweringstakings het plaasgevind omdat beloftes nie nagekom is nie. 'n Verwachting is geskep en hy wou weet hoe Suid-Afrika die verwagtinge in die toekoms sal kan hanteer.

Me. Verwoerd het gesê dat daar bepaalde inherente goed is wat niks met politiek te doen het nie en die inherente regstelling van menseregte moet plaasvind. Almal kyk net na onteiening sonder vergoeding maar daar is verskriklik baie ander goed wat vinniger gedoen kan word. Sy het gesê dit is altyd verbasend hoe vergewensgesind mense is.

Mnr. Kriek het gesê boere het die beste planne en ons moet self iets doen om die ekonomie te laat groei.

Mnr. Butch Bujela van Santam het die kongres bedank vir die positiewe uitkyk wat uitgestraal word.

Mnr. Kriek het gesê die gebeure in Bela Bela is baie positief.

Me. La Marque het gesê dit is die rede vir die Grondlessenaar, wat boere / /mentors met opkomende boere in verbinding bring.

Mnr. Craig Petersen van Newcastle Wolkwekers- en boerevereniging het gevra wat die verskil is tussen huurarbeiders en plaasbewoners.



Me. Verwoerd het gesê mense wat op die grond werk, is huurarbeiders.

Me. La Marque het gewys op die kriteria wat geld vir huurarbeiders en plaasbewoners. Sy sê die landbou het 'n geleentheid om die leiding te neem voordat die debat open. Dit is 'n kwessie waaraan aandag geskenk moet word en ook die kriteria daarvoor.

Mnr. Kriek het gesê dat lede Kwanalu moet aanstel om die vraag te vra.

Me. Lindiwe Madonsela, Mahlabathini DFA het gesê daar is toesprake gehou maar dat daar opgetree moet word. Sy het Kwanalu bedank wat aan opkomende boere die platform bied om na vore te kom en te praat. Sy wou egter weet wat die kommersiële boere vir die opkomende boere doen. Sy het gesê die opkomende boere het boere nodig om hulle behulpsaam te wees met moontlike samewerking tussen die Land Bank en Kwanalu om opkomende boere te besoek en te help. Om sake reg te stel moet verby kleur gekyk word om almal se lewenskwaliteit te verbeter. Sy het gesê opkomende boere het boere se ondersteuning en hulp nodig.

Mnr. James Kean, Mooi-Mpofana landbouvereniging het gesê hulle het 'n inisiatief begin waar hulle poog om studente op te lei en mense in diens te neem wat in die landbou belangstel. Die inisiatief streef daarna om studente op te lei en hulle oor kommersiële landbou te leer. Boere werk saam en huisves studente om hulle in staat te stel om te sien hoe dinge gedoen moet word en realistiese verwagtinge daar te stel.

'n Student van Owen Sithole kollege het gesê Suid-Afrika sal 'n beter plek wees as diegene wat baie het om te gee, sal gee aan die wat nie baie het nie.

Mnr. Robin Barnsley, ere-president van Kwanalu het gesê produksie is een ding maar daar is nie oor markontwikkeling gepraat nie en hy wou weet wat daaromtrent gedoen kan word.

Mnr. Kriek het gesê baie geleenthede gaan by ons verby. Sulke gesprekke moet plaasvind en Agri SA sal die aangeleentheid opvolg.

Siya Vilakazi, 'n oud-student van Cedara en dosent het gesê daar word nie genoeg opleiding aan boere verskaf nie, veral sover dit entrepreneurskap aangaan en hy wou meer weet oor finansiering sonder sekuriteit. Hy het saamgestem met mnr. Barnsley se opmerking oor bemarking en gesê strategieë moet in plek gestel word teen produkte wat die land ingebring word.

Dr. Manley het gesê baie fakulteite voer nie gesprek met mekaar nie en daarom word geen oplossings gevind nie. Werksgeleenthede moet daargestel word en dit is nie net in die landbou waar daar 'n gebrek aan gesprekvoering is nie.

Me. Suzanne Fortmann, Estcourt Boerevereniging wou weet waar die lys vandaan kom.

Me. Verwoerd het geantwoord dat niemand weet nie. Dit was 'n geval van fopnuus. Sy het lede aangemoedig om seker te maak dat nuus waar is voordat hulle dit aanstuur. Sy het gesê die pers is nie gretig om die lys uit te druk nie en daarom kan aanvaar word dat dit nie waar is nie.

Mnr. Kriek het gesê die uitwerking wat die lys op lede het, is 'n werklikheid. Die soort nuus het 'n negatiewe uitwerking op grondwaardes en op stabiliteit.

## 19. **President se slotopmerkings**

Die President het al die sprekers vir hulle toesprake bedank.

Mnr. Buchan het van die punte wat tydens die kongres behandel is, uitgelig:

- die noodsaak tot transformasie en drukuitoefening vir 'n "reënboogregister" – iets wat die inisiatiewe kan aanteken wat onderneem is om die landelike landskap waarlik te verander
- die kwessie van huurarbeiders / plaasbewoners en okkuperders moet aandag geniet, potensiële oplossings kan oorweeg word. Dit moet nie die regte van grondeienaars aantas nie. Die saak moet verder ondersoek word vir oorweging.
- die belangrikheid van die vestiging van die Grondlessenaar moet nie onderskat word nie en daar is 'n beroep op lede gedoen om die vestiging daarvan te ondersteun en skenkers is uitgedaag om oorweging te skenk aan die verskaffing van geld aan die lessenaar om 'n rol in positiewe tasbare transformasie te speel.
- Die belangrikheid van onderwys- en opleidingsgerigte inisiatiewe is ook beklemtoon.
- Die kwessie van markte en produksie moet aangespreek word tesame met ekonomiese stabiliteit, winsgewendheid en uitvoerbaarheid wat aan die kern van die saak lê.

Mnr. Buchan het 'n beroep op die kongres gedoen om saam te staan. Hy het gesê die toekoms van die landbou is in die hande van die boere. Hy het 'n beroep op leiers gedoen om sterk beginselvaste leierskap uit te oefen en om altyd getrou te wees aan hulleself, ander en die organisasie. Hy het gesê hy is vol hoop en hy het die kongres aangemoedig om aan hoop vas te hou en nie ontmoedig te raak nie.

Die HUB het die Raad aangekondig:-

- Andy Buchan
- Andy Mason
- Phineas Gumede
- Peter-John Hassard
- Bobby Hoole
- Kathy Hurly
- Christoper Hadebe

Mnr. Buchan het die afgevaardigdes en waarnemers bedank vir hulle bywoning, die amptenare van die onderskeie departemente, Kwanalu se personeel vir hulle werk, die media en pers vir hulle ondersteuning en die borge.

Hy het Robin Barnsley se boodskap herhaal dat ons ons vertrou in God moet plaas.

Hy het die kongres met gebed afgesluit en 'n tafelgebed gedoen.

Die President het die vergadering om 14:20 afgesluit.

## **20. Middagete**

### **Kwanalu**

Posbus 100123  
3209 **SCOTTSVILLE**

Tel: 033-342 9393  
Faks: 033-345 7141  
e-pos: [info@kwanalu.co.za](mailto:info@kwanalu.co.za)  
20 September 2018

N:\MAIN\Issues\Congress\2018\Reports\Congress Report 2018 Afr.docx